10/06/2020.

Liewe NG-lidmaat van KLEINMOND, BETTYSBAAI, PRINGLEBAAI, ROOIELS en ARABELLA (en waar jy ook al ingeperk is!),

Ons het vanoggend weer ’n Dagbestuurvergadering gehou (namens die volle kerkraad) en ek bring jou ook graag op hoogte van sake.

Ek moet sê: hoe meer dae, hoe meer dinge, soos die ou mense altyd gesê het. Wie sou kon dink dat ek as dominee ooit vir die gemeente sou aanmoedig om nié kerk toe te kom nie?! As jy wel hierdie keer nié na dominee se oproep wil luister nie, is jy baie welkom om vanaf Juliemaand ons beperkte inperk-eredienste by te woon. **Ons eerste eredienste is op Sondag 5 Julie.** Maar let asb. op die volgende belangrike inligting:

- **Bly asb. veilig en gesond**. Ons is lief vir jou! As jy na die erediens wil kom, reken ons op jou om verantwoordelikheid vir jouself te aanvaar én die ander erediensgangers se veiligheid in ag te neem.
- Die eredienste word om **09:00 en 10:30** in die kerk, saal en Hangklip-gemeentesentrum gehou.
- Ons mag net in **totaal 50 persone** wees en die erediens mag maksimum 30 min. duur. As jy dus nommer 51 is, moet jy wag vir die volgende rondte – én vir die sanitering tussen die dienste.
- Jy sal aan die volgende **protokol moet meewerk**:
  - ☺ Jy mag nie siek wees nie. Ons sal jou koors meet – nie omdat ons jou nie glo nie, maar omdat ons moet.
  - ☺ Jy mag nie onaangeteken die erediens bywoon nie; nie jy, of jou wederhelf of jou kind of vriend of enige iemand wat saam met jou gery het nie. Bring gerus jou eie pen saam as jy versigtig is vir ons pen. Jy moet 1.5 meter vanaf die ander mense sit. Ons sal met merke aandui, of die stoele so uitpak, dat dit moontlik is. Diegene wat saam slaap, sit saam op eie verantwoordelikheid.
  - ☺ Jy mag by die kerk nie by ’n ander ingang as die oostelike ingang ingaan nie.
  - ☺ Jy mag nie ’n Bybel of ’n Liedboek of ’n handsak of ’n notaboek of enige iets anders wat aan jou behoort, saambring nie.
  - ☺ Jy mag nie sing nie.
  - ☺ Jy mag nie drukkies gee nie.
  - ☺ Jy mag nie sonder ’n masker verskyn nie. Die een wat sonder ’n masker verskyn, sal uitgewerp word tot in die buitenste … plek.
- Op ’n positiewe noot: die dominee of sy gevolmagtigde, sal jou hande salf met rein reiniger voor jy die binneruim betree.
- Jy kan jou dankbaarheid plus medewerking aan die gemeente se roepingsprojekte toon, deur ’n dankoffer by die deure te gee, of elektronies, as jy dit later wil doen.

Die erediens sal met video in die kerk opgeneem word, met die hoop dat ons dit direk kan uitsaai (*stream*.) Dit word ook teen ongeveer 10:00, soos gewoonlik, via *Kieskerk* beskikbaar gestel. Ons vra die dominees om asseblief nog voort te gaan met soggens se oordenkings. Dit is vir baie mense van groot waarde. Vanaf Julie sal die oordenkings oor die naweek wegval, omdat die eredienste meer beskikbaar word. Baie dankie aan Le Roux Burrows wat groot moeite doen om die eredienste by *Kieskerk.com* uit te kry.

Ek herinner nogmaals aan die **gebedshulp** wat via Marita Grobler [079 684 2751] beskikbaar is en ook van die groot en diskrete werk waarin ons **Barmhartigheid**sbediening die leiding neem. As jy enigsins kan help óf hulp nodig het, tree met Mariëtte van der Watt in verbinding [028 271 3289 / 082 377 4696]. Baie dankie ook vir die bydraes wat ons spesifiek via die Rampfonds, COVID-19-fonds en Geloofsoffers ontvang het! **Ons wil graag hierdie fondse en bediening voortsit deur die hele krisis-/pandemie-tyd.** Maak gerus jou bydrae tot een van hierdie fondse, of kontak vir Nienie by die kerkkantoor.

Mag ons eredienste gou weer na die ou, bekende patroon terugkeer! En mag ons almal die aanslag van die bose oorleef!

Vrede vir jou!

Met vriendelike groete uit Tweedelaan,



Voorsitter van die kerkraad.